

Ks3-06

Kerkstraat tussen Kochstraat en Kerkplein. De Jager & Co.



Foto Bron:-Cha-01 p93

President Kruger op pad terug huistoe nadat hy vir die laaste keer ingehuldig is as President van die Z.A.R.

Die gebou heel links op die foto was die hardewarewinkel van die Poynton-broers. Die naambord kan agter die koets gesien word. Dan sien ons die gebou wat behoort het aan L. de Jager. Op die perseel het hy het 'n tabak-, sigaar- en snuiffabriek bedryf. Die invoerbelasting op tabak was minder as op sigare wat dit lonend gemaak het om die tabak in te voer en self die sigare te vervaardig. In 1913 was G. Pierneef

mede eienaar van die gebou. Wanneer die vennootskap begin het is nie bekend nie. Tussen Poynton en De Jager se winkels was die besigheid van die horlosiemaker R. Kwitz.

Op die vierkantige gebou regs van De Jager sien ons die naambord van Dario Boccalione. Hy het Italiaanse wyn verkoop. [Dun-012 p172]

### **Bibliografie**

Cha-01 Changuion, L. 1973. **Fotobiografie: Paul Kruger in Beeld.** Perskor Uitgewery.